# e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

**19 Julie 2012**
**Jaargang 5 – Uitgawe 24**


## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Kommentaar
- Agterblad


**Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!**

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

# VOORBLAD

## In Christus se voetspore

**Soms wens ek dat die lewe kon wees soos die opedag by 'n universiteit of skool. Ek dink nou aan myself as matriekdogter by Tuks se Opedag. Dit was alles so groot en oorweldigend. Daar was so baie mense, en dit was so besig, ek onthou hoe ek gewonder het hoe ek ooit sal weet waar enigiets is. Gelukkig was daar oral op die grond sulke helderkleurige voetjies geplak wat die pad aangedui het na die een of ander gebou. Jy moes maar net op die spoor van die voetjies bly.**

As die lewe maar net so eenvoudig was. Met rooi voetjies vir as jy hou van gevaar en 'n gevaarlike roete wil volg, maar tog by jou bestemming sal kan uitkom, of groen voetjies vir as jy 'n opwindende dog veilige lewe gaan lei, of blou voetjies vir die rustige weg, geel voetjies vir die roete waarvan jy baie moeilik sal kan afwyk omdat dit so duidelik gemerk is. Die lekker ding van so lewe, sal wees dat al hierdie voetjies jou uiteindelik by jou bestemming gaan uitbring, solank jy net jou kleur volg.

Dit sou die lewe eenvoudig makliker gemaak het. Selfs al raak van ons voetjies weg en dwaal ons af, kan ons die voetjies altyd later weer soek, en dan is ons weer op ons pad, selfs as ons kies om die voetjies te ignoreer. As ons dan verdwaal, is dit immers net ons eie skuld.

Maar nou werk dit nie so nie, en daar is nie voetspore op ons lewenspad geplak nie...

Die leuse van die Kerk vir die jaar is *In Christus se voetspore*. Ek lees dit die laaste ruk op heelwat plekke raak, en dit sit my aan die dink oor wat dit vir mý kan beteken. Ek dink nie soseer wat dit vir die Kerk of vir ons gemeente kan beteken nie, ek vind myself die heeltyd wonder wat dit vir mý kan beteken om ingestel te wees op Christus se voetspore. Hoe kan dit my manier van dink en doen bepaal, verander of bloot net beïnvloed?

Jesus was nie 'n man wat ligte voetspore gelos het nie, Jesus se voetspore het nie soos die voriges s'n gelyk nie, en Jesus se voetspore was verseker nie die tipe wat deur die wind van tyd weggewaai kan word nie. Die spore wat Jesus kom los het, was spore wat 'n pad kom aandui het, anders as enige ander – dit was spore van vernuwing, vrede en liefde. Dit was nie spore wat hard uitgedruk moes word om 'n merk te los wat bly nie.

Die spore van Jesus se voete is spore wat radikale boodskappe gebring het, en nadat Jesus hier geloop het, sal die wêreld nooit weer dieselfde wees nie. Maar dit is nie voetspore wat ons heeldag loop en soek nie, dis nie spore wat êrens net gaan ophou nie – nee, die pad wat Jesus kom loop het, is hier vir altyd. Dis 'n pad wat vir ons kom sê dat as jy hierdie voetspore wil volg, gaan dit beteken jy moet lief wees vir mense. Die aanwysings langs hierdie roete gaan sê jy moet lief wees vir dié wat dit nie verdien nie, dié wat nie daarna vra nie, en veral dié wat dit nodig het sonder om iets daarna terug te gee.

Die lekker ding van hierdie roete volg, is dat Christus meer as net voetspore op die grond los. Ons kry ook die Gees as reisgenoot, wat gaan help dat jy op hierdie paadjie lief word vir God, en dat jy dié pad met jou hele lewe sal nastreef en uitleef.

**Leanie Oberholzer**
**MDiv2**

## Skakels

| | |
|---|---|
| Webblad van die Hervormde Kerk | **www.nhka.org** |
| *Die Hervormer* | **www.hervormer.co.za** |
| *e-Hervormer* | **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html** |


Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Ronel Eckard

Ds Werner Venter

## Beroep ontvang

- **Ds Ronel Eckard** (beroepafwagtend) na Zoutpansberg (benoeming)

## Beroep bedank

- **Ds Werner Venter** van Schoemansdal na Hartebeeshoek

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Mev Bets Pelser

- **Bets Pelser, Gemeente Sionspoort** se oudste lidmaat, is in 1912 op Lichtenburg gebore en sy het op 1 Junie vanjaar die 100ste herdenking van haar geboortedag gevier. Sy is tans 'n inwoner van Vriendskapstuiste in Randfontein. Tannie Bets vertel graag van haar liefde vir die Kerk en vir die Here van die kerk, en sy is 'n ware inspirasie en geloofsvoorbeeld. Naweke se soet waatlemoene, musiekmaak saam met die res van die gesin, Sondagskool en die lekker kuier na kerk is kosbare herinneringe uit haar kinderdae. Oor die geseënde ouderdom wat sy bereik het, is sy baie beslis: *Dit is alles net Genade van Bo*. Ons sê almal baie geluk!



Ds Berend en Leonie Greyling

- Na meer as 'n jaar dat die gemeentes **Grootfontein en Tsumeb** in die ring van Dorsland vakant was, het hulle weer 'n predikant bevestig. **Ds Berend Greyling** is op Sondag 10 Junie bevestig as leraar van die Grootfontein/Tsumeb-kombinasie. Hy en sy gade, Leonie, word in die ring verwelkom en seën toegebid vir die bediening in die noorde van Namibië. Die ring van Dorsland verwelkom ook met groot dankbaarheid vir **ds Jan de Wet** (emeritus), wat as brugpredikant vir die volgende drie maande die bediening in Otjiwarongo en Outjo waarneem.

Gobabis se kerkgebou

- **Gemeente Gobabis**, die oudste gemeente in Namibië en in die ring van Dorsland, vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar. Die gemeente sal **Sondag 22 Julie**, na afloop van die erediens, die geleentheid vier met 'n braaivleis waarheen alle oudlidmate hartlik uitgenooi word. **Ds Stephan van Tonder** sê dat die gemeente, wat uit slegs 94 belydende lidmate bestaan, onlangs 'n suksesvolle basaar gehou het – merkwaardig, as die lidmaattal in gedagte gehou word!

- **Die finalejaar teologiestudente** is tans besig met hul praktiese afronding. Hierdie finale **afrondingskursus vir die Diploma in Kerklike Bediening** vind vanjaar op die kampus van die Universiteit van Pretoria plaas, omdat die studente juis nou druk besig is om hul skripsies af te handel vir indiening op 1 Augustus. Die lesings handel onder meer oor gemeentelike vergaderingsprosedures, finansiële bestuur en administrasie, die NHSV, die Argief en Museum, die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, kerklike leierskap, en die vereistes vir predikante wat godsdienstige radio-uitsendings doen. Die studente het reeds praktiese werk in gemeentes onder mentorskap van die plaaslike predikante verrig. Die proponentseksamen word aan die einde van Oktober 2012 afgelê, en die legitimasieplegtigheid is op Donderdag 8 November 2012 in die kerkgebou van Gemeente Pretoria. Ons wens hulle voorspoed toe met hierdie laaste fases voordat hulle beroepbaar gestel word.

- Die jaarlikse **Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT)** binne die **MRCC** het op 6 en 7 Julie by die **Sinodale Kerkkantoor** en op 13 en 14 Julie in **Durban** plaasgevind. By albei geleenthede was nagenoeg 40 persone teenwoordig. Vanjaar het predikante, ouderlinge en kategete die geleenthede bygewoon. **Prof Natie van Wyk** het in sy voordragte gekonsentreer op die multifunksionele kategismus wat hy in oorleg met 'n kategesekomitee skryf. Kategese en prediking wat die uitgebreide liturgiese kalender as vertrekpunt neem, is indringend bespreek. Talle Bybels en Kinderbybels is ook aan die kursusgangers beskikbaar gestel om in gemeentes te gebruik vir kategetiese doeleindes. Persone wat 'n finansiële bydrae tot hierdie projek wil lewer, kan prof Van Wyk kontak by **aim1@mweb.co.za**. Die behoefte aan **Tswana, Xhosa en Zoeloe Kinderbybels** is baie groot. Die vlakke van armoede is veral in die Transkei skrikwekkend. Die mense dáár het gewoon nie geld om Bybels vir die kinders te koop nie.

'n Deel van die groep kursusgangers by die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria

- Die **MRCC** gemeente in **Mabopane** het pas 'n crèche begin. Tans sit die kinders nog op die vloer en word die vrywillige werkers nie vergoed nie. Enigiemand wat finansieel of met meubels of toebehore tot die projek wil bydra, kan in verbinding tree met ds **Modisaotsile Motloba**, by 012 322 8885 x262 of **mrcc@nhk.co.za**.

- **Gemeente Swartkop** samel **ou en oortollige Bybels** met die hulp van ander gemeentes (binne en buite die NHK) in en versprei dit dan aan behoeftige gemeentes. Oor die afgelope jare is baie Bybels en ander Christelike lektuur so versprei. Die behoefte aan Bybels in Afrikaans en Engels bly steeds groot. As u aan die poging wil deelneem, kontak Gemeente Swartkop se kerkkantoor by 012 654 3471, of Hennie Roux by 012 660 0632 / 082 848 9789.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg**
  Bepaal die nood van die bejaardes in jou gemeente en gemeenskap, en probeer om die nood te verlig deur vrywilligers vir jou plaaslike Aksiegroep vir Bejaardes te werf.
  Gaan na **www.diakens.co.za** vir meer inligting oor bejaardesorg.

- **Bejaardes en gestremde persone in Pretoria:** Munisipale korting word toegestaan deur die *City of Tshwane*. Gaan na **www.diakens.co.za** en kyk regs by 'Warm brood' vir die aansoekvorm. Indien u probleme ondervind om toegang tot die aansoekvorm te verkry, kan u in verbinding tree met die sekretaris van die Algemene Diakensvergadering, ds Gerhard Stoltz, by **gerhard@diakens.co.za**.




Bybelse Dagboek / Almanak 2012

- Daar is nog eksemplare beskikbaar van die ***Almanak/Bybelse Dagboek* van 2012**, nou teen die **verminderde prys van R60** (posgeld uitgesluit). Kontak mev Susann van Zyl van die SENTIK-boekwinkel by **sentik@nhk.co.za**, 012 322 8885 x291 of faks 086 633 4054.

- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Kruin** in Wilropark, Roodepoort, beskik oor ’n **vakature vir ’n musiekleier/orrelis**. Aansoeke word ingewag van toepaslik gekwalifiseerde persone. Van die persoon word verwag om die gemeentesang met orrel te begelei, en aktief betrokke te wees by liturgiese beplanning binne die klassieke Reformatoriese erediens. Vergoeding is onderhandelbaar volgens die Kerk se orrelisvergoedingsriglyne en nodige ondervinding. Stuur ’n volledige CV met kontakbare verwysings **teen Donderdag 19 Julie** na **nhkkruin@gmail.com**. Aansoekers wat op die kortlys geplaas word, sal genooi word vir ’n onderhoud en moet ook gereed wees om ’n proefspel te lewer. Die gekose kandidaat moet so spoedig moontlik diens aanvaar. Navrae kan gerig word aan ds Kobus Pienaar by 083 459 0471.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor ’n vakature vir ’n **orrelis.** Stuur aansoeke aan ds Neels van Tonder by **nvtonder@vodamail.co.za,** of kontak hom by 072 633 3367.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir ’n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u ’n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@yahoo.com**.

## Spesiale eredienste

- **Gemeente Bosmansrust: Sondag 23 September om 11:00**
  **Dankfees en Nagmaal**
  Viering van 125ste bestaansjaar van gemeente
  100-jaar-viering van kerkgebou
  Alle oudpredikante en vorige lidmate welkom
  Ete na die diens
  Antwoord asseblief voor 1 Augustus
  Kontak Piet Marx by 082 708 6761 of **pamarx@lantic.net**

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 27 Julie, en word hartlik geluk gewens.**

  - Vrydag 20 Julie: Ds Mari du Plessis-Manders (Suidoos-Witbank) en dr Gert Volschenk (buiteland)
  - Saterdag 21 Julie: Di Hannes Jansen van Rensburg (Brakpan-Harmonie), Coetzee Ras (Edenvale) en Adam Zwarts (emeritus)
  - Sondag 22 Julie: Ds Kalfie Loots (emeritus)
  - Maandag 23 Julie: Prop Juanita du Preez (beroepafwagtend)
  - Dinsdag 24 Julie: Ds Henk Pienaar (Bosmansrust)
  - Donderdag 26 Julie: Di André Oberholzer (Harrismith) en Louis Steyn (emeritus)

## Beplande vergaderings

- Vrydag 20 Julie: Moderamen
  Finkom van die Ondersteuningsraad
- Saterdag 21 Julie: NHSV Dagbestuur
- Dinsdag 24 Julie: Beurskomitee van die Kuratorium
  Koördineringskomitee
- Woensdag 25 Julie: Dagbestuur van die Kinderhuise
- Donderdag 26 Julie: Bestuur van die Ondersteuningsraad
- Saterdag 28 Julie: Werkgroep vir Gestremdes

## Kursusse en toerusting

- **Gemeente Pretoria NHSV: Inleidende Traumakursus**
  **Saterdag 21 Julie van 08:30 tot 14:00**
  In die kerkgebou, Du Toitstraat 169, Pretoria
  Aanbieders di Japie Coetzee en Annerie Conradie
  Toegang R10 per persoon, verversings ingesluit
  Kontak Ansie Joubert by 012 321 7580 as u wil bywoon

- **Gemeente Pretoria-Oos Damesbediening: Toerusting**
  *Kniel deur jou krisis*
  **Saterdag 28 Julie om 09:00**
  Kerkgebou, Delyweg 100, Waterkloofpark
  Spreker dr Eugene Kemp
  R20 per persoon
  **Bespreek teen 20 Julie by:**
  Gemeentekantoor 012 460 8441
  Gerda van der Merwe **gerdavdm2@gmail.com**
  Elsa Geldenhuys **elsageldenhuys@gmail.com**

- **Gelowige Gesinne Gesprek (GGG): Naweekseminaar**
  **Vrydag 14 tot Sondag 16 September**
  Inisiatief van Kommissie van die AKV, gefasiliteer deur Gemeente Montana
  Kerkterrein, hv Azanza- en Jan Bantjiesstraat, Montana
  Tema: *Sagte-oë-ouerskap*
  Ouerskap met 'n verskil: Hoe om jou kind emosioneel gesond te maak
  Is jy 'n ouer, werk jy daagliks met kinders en ouers op terapeutiese vlak?
  Is jy betrokke by ouer- en kinderbediening?
  Kontak Esmé by Montana-kerkkantoor 012 567 1753

## Beskikbare behuising

- **Ons Tuis (Riviera)**
  **Tehuis vir versorging van verswakte bejaardes het tans plek beskikbaar**
  Volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - 24-uur mediese versorging
  - 3 maaltye per dag
  - Sekuriteit
  - Gereelde sosiale aktiwiteite

  Vir meer besonderhede, skakel Ons Tuis
  Matrone E Mans 012 329 3623
  Aansoekvorms kan afgetrek word van **www.otmt.org**
  of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms te stuur

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis (Parys)**
  **Behuising vir seniorburgers**
  Daar is tans die volgende behuising beskikbaar:
  - 2 enkelkamers met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week, vir R3 050 / R3 380 per maand (nuwe uitbreiding)
  - 1 dubbelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamers 1 x per week, vir R3 050 per maand
  - 1 ruim kamer met eie badkamer en tuintjie; by die huur van hierdie kamer is ingesluit middagete, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week, vir R3 000 per maand

  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

## Konserte en feeste

- **Saterdag 21 Julie om 19:00: Ring van Laeveld en SAKOV: Orreluitvoering**
  NG Kerk Wolkberg, Tzaneen
  Bekende orrelis  Zorada Temmingh
  Kaartjies by deur, R50 volwassenes, R20 hoërskoolkinders
  Laer- en voorskoolkinders gratis
  Skakel 072 144 7514
  Program van Zorada: *The Phantom of the Opera*
  Haar derde geïmproviseerde orrelklankbaan vir 'n stomfilm
  en 'n musikale kragtoer
  Terwyl gehoor na oorspronklike stomfilm (1925) kyk,
  skep sy 'n klankbaan gebaseer op bekende operamusiek

- **Saterdag 28 Julie 09:00 vir 09:30: Gemeente Pretoria NHSV**
  ***English High Tea***
  Drag: Formeel (kerkdrag met hoed, krale, handskoene, ens)
  Spreker: Jackie Nel met *Modewenke vir die winter*
  Stringetjie egte pêrels sal met 'n trekking weggegee word
  In Dienssentrum van Ons Tuis
  hv Soutpansbergweg en Parkerstraat, Riviera
  Ingang in Parkerstraat, veilige parkering
  Donasies by deur sal welkom wees, vir barmhartigheid
  Kontak Ansie Joubert by 012 321 7580

- **Saterdag 28 Julie om 09:00: Gemeente Alberton: Pa-en-seun-ontbyt**
  Tema: *Jag*
  R50 per persoon
  Kaartjies beskikbaar by ds Tiaan Loedolff 073 529 1538
  en Pieter Schreiber 082 332 4252

- **Donderdag 9 Augustus: NHSV Hartbeesfontein: Damesoggend**
  NG Kerksaal Hartbeesfontein 10:00 vir 10:30
  Hernu jou lewe, gees, styl en uitkyk
  Inspirerende nuwe idees, pitkos en 'n vars nuwe styl – spesiaal vir jou!
  Saam met Henre Botha (Gospelsanger) & Augus & Ronel
  Aandrokke word gemodelleer
  Stalletjies & ligte ete
  R100 per persoon
  Kontak Carina by 082 564 1424 of Lizbe by 082 878 6643

- **Saterdag 18 Augustus: NHSV Leeudoringstad: Oggendtee met 'n verskil**
  Smaaklike sjampanje-ontbyt
  Tema: *Titanic*
  Kontak Corrie Marais by 082 374 6026 of **corriem@suidwes.co.za**

- **30 Augustus tot 8 September: Gemeente Delmas**
  *Jerusalem, Jerusalem!*
  Interkerklike opvoering
  By NG gemeente Delmas-Wes
  Vir meer inligting, kontak Martin Rossouw by 082 410 1936

## Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
  **Egipte, Israel en Jordanië**
  4-18 Desember 2012
  Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
  of **hannes@pretoriaoos.com** vir meer inligting

## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Losberg in Fochville: Biltongaand**
  **Vrydag 20 Julie**
  Besighede kan tafel met 10 sitplekke bespreek vir R3 200
  Gaskunstenaar Thys die Bosveldklong
  Verskeidenheid biltonge, cabanossies, chilli bites, kaassoorte, brode, konfyte
  Veiling sal gehou word
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617

- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**
  **Sluitingsdatum: 29 Julie 2012**
  Kaartjies R100 donasie
  1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
  2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
  3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
  Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
  Geweerjag kan gereël word
  of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
  **Pryse verval op 30 September 2012**
  Kontak Adri Nel by 084 200 1027
  of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

- **Gemeente Kampersrus: Vakansiekompetisie**
  **Trekking: 27 Oktober 2012**
  Wen ’n naweek ter waarde van R28 000
  Kaartjies teen R100 elk
  Kontak een van die volgende persone:
  Ds Marius Kramer 083 310 6042
  Rene Pretorius 082 458 7144
  **kampersrus@nhk.co.za**

- **Gemeente Leeudoringstad: Kompetisie om Doringfees bekend te stel**
  Pakkette beskikbaar, ook aan gemeentes
  R1 000: 20 boekies ter waarde van R10 000
  (gemeente kan dus R9 000 wins maak)
  R2 500: 50 boekies ter waarde van R25 000 (wins R22 500)
  R5 000: 100 boekies ter waarde van R50 000 (wins R45 000)
  Kaartjies slegs R50 elk – en 11de kaartjie in die boekie is gratis
  **Trekking Saterdag 29 September om 12:45**
  Kontak Berno Robinson by 082 395 9241

momentum
94.7 CYCLE
CHALLENGE

Dr Willie Strydom van Gemeente Eikenhof nooi u graag uit om deel te neem aan die Momentum 94.7 Cycle Challenge as deel van die RAINBOWS-span. Rainbows is geregistreer as ’n *charity* vir hierdie wedren. Alle fondse sal aangewend word om Rainbows in Suid-Afrika te bevorder.

Kontak dr Willie vir verdere inligting rakende Rainbows en hoe dit werk om deel te word van hierdie opwindende projek: wstrydom@icon.co.za of 082 881 8068.

## Basaars en markte

- **Vrydag 3 tot Sondag 5 Augustus: Gemeente Buffelspoort: Buffelfees**
  By ATKV Buffelspoort Vakansie-oord buite Mooinooi
  Kunstenaars Vrydagaand: Ian Wessels (Loslippig) en Jason Bradley
  Saterdag: Manie Jackson, Jennifer Zamudio, Johan Britz, Jenny Kirsten, Jolanda Spann en Jason Bradley
  Saterdag ook bergwedloop, minikrieket en Mej Buffelfees
  Heerlike kos en uitstallings
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 014 572 3125
  of **marikana@nhk.co.za**

- **Saterdag 1 September: Gemeente Montana: Bokkefees**
  Op kerkterrein (hv Azanza- en Jan Bantjiesstraat, Montana)
  Wildsgeregte om van te kies en keur asook ander eetgoed
  Boogskiet vir ouers en kinders, speletjies, perderitte, ens
  Kontak Esmé by gemeentelike kerkkantoor 012 567 1753

- **Vrydag 28 tot Sondag 30 September: Gemeente Zeerust**
  Bosrumoer
  By Doornrivier 4x4, Zeerust
  Kontak ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **bosrumoer@gmail.com**
  **http://www.bosrumoer.co.za**

- **Saterdag 29 September om 09:00: Gemeente Leeudoringstad Doringfees**
  Gaskunstenaar Sorina die Flooze
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 581 2055
  of **nhkleeutjies@nwet.co.za**

# KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

**Lidmate van gemeentes waar 'n kerkraad moontlik met meerderheidstem besluit het om kerklike eiendom te vervreem en andersins in stryd met die Kerkorde optree, se lidmaatskap van die Hervormde Kerk kan daardeur in die gedrang kom. Lidmate wat deel wil bly van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, word versoek om op een van die volgende maniere met die Kerk kontak te maak:**

- **SMS jou naam, gemeente, kontaknommer en e-posadres na 074 406 6303 (slegs SMS'e, nie oproepe nie). Die Sinodale Kerkkantoor sal jou binne 7 dae kontak.**
- **Telefonies: Skakel mev Marié van Niekerk by 012 322 8885 x254.**
- **Stuur 'n e-pos na nhk@nhk.co.za.**
- **Kontak jou gemeente se konsulent, of 'n ander predikant in die ring. Hul inligting is op die Kerk se webblad beskikbaar by www.nhka.org (onder So werk ons / Predikante).**

**Die Kerk sal hierdie inligting met groot sensitiwiteit hanteer.**

# AGTERBLAD

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel